View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

JUNIE 1960

KOERS

DEEL XXVII No. 12.

# PRINSIPIËLE KRITIEK OP DIE SOSIALE STUDIES.

Op grond van die skrywer se onlangse navorsing oor „'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie, met spesiale verwysing na die Laerskool", wil hy die leser die een en ander omtrent sy bevindinge meedeel.

In hierdie ondersoek is 'n opvoedkundig-sosiologiese onderwerp aan die orde gestel wat nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in die buiteland in die middelpunt van die wetenskaplike belangstelling staan.

Die hele studie kan in twee dele ingedeel word: eerstens, die Calvinistiese visie oor die prinsipiële grondslae van sowel die Opvoedkunde as van die Sosiologie en tweedens, 'n analise van die Sosiale Studies as die vrug van die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika en Engeland, met 'n prinsipieel-kritiese beskouing oor die vraagstukke wat in die leergang vir Sosiale Studies opgesluit lê.

Drie Sosiale Studies word reeds sedert 1892 in die laerskole van Amerika gedoseer. Vandag is die doelstelling „education for living in a World Community" — 'n rigting wat Unesco onderstreep. Tydens die Tweede Wêreldoorlog beoog die poging met die Sosiale Studies in Engeland „education for a Mass Society".

Die navolging van die Sosiale Studies kan getipeer word as epidemies van aard. Dit is die poging „to make education grow out of real life situations".

Gesamentlik is beide pogings van Amerika en Engeland met die Opvoedkundige Sosiologie daarop gemik om die Opvoedkunde by die Sosiologie te inkorporeer om die menslike samelewing te dien en te verbeter. Hierdie rigting is 'n Sosiologistiese Opvoedkunde wat die positivistiese vorm van die Sosiologie is vir die interpretasie van die onderwys en opvoeding wat kulmineer in „Intergroup Education and Social Integration: Education in the International Setting".

Die hele patroon en opset van die Sosiale Studiesleergange is orals waar dit in die onderwys en opvoeding toegepas word dieselfde: die doelstelling,

mens- en kindbeskouing, inhoud van die leerstof, metode en tug en administrasie en organisasie is **sosiaal.**

Op prinsipiële gronde moet die Sosiale Studies as geheel verwerp word omdat dit deur en deur humanisties van aard is.

(a) Die Sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing tree sterk na vore deur die oorbeklemtoning van die sosiologiese aspek in die onderwys en opvoeding met die Sosiale Studies, om die volgende redes:

(1) Die algemene sosiale modale aspek word verafgood omdat dit uitgelig word uit sy kosmiese samehang en verband.

Die herleiding en redusering van alles wat in die laerskool geleer word tot konkrete tussenmenslike verhoudinge op die basis van willekeurige ervaringskonstruksies uit die sosiale vakwetenskappe waaraan die Sosiologie ten grondslag lê, is 'n vorm van radikale empirisme, wat lei tot kulturele determinisme.

Onder die klem van die huidige immer groter wordende stroom van die eksistensialisties-scientisties georiënteerde lewens- en opvoedingsbeskouing kleur die waardetoetssteen van pragmatisme en eksperimentalisme as „efficiency of action and conduct" die Sosiale Studies.

Hiervolgens is die uitgangspunt progressivisme, waarmee die kulturele determinisme 'n kondisionering word van nêrens hoër as sosiale bruikbaarheid, nuttigheid en hedonisme op die basis van matrialisme: „Bread and Curcuses".

(2) Die kondisionering van tussenmenslike verhoudinge tot 'n kulturele determinisme en spesifiek ekonomiese determinisme is moontlik: (a) weëns die wisselwerkende funksionele verhouding, beïnvloeding en vorming tussen die skool en die ekonomies-tegnies-industriële ontwikkelingsrigting van die menslike samelewing in universele maar ook in universalistiese sin en betekenis en (b) op grond van die uitwerking van eksistensialisme-scientisme op die nivellering van waardes en die verskeidenheid in die menslike samelewing om 'n lugleë ruimte te skep, wat opgevul word met die tussenmenslike gelykskakelingsverhoudinge by die groepe leerlinge in die klaskamers.

Die uiteindelike gevolg hiervan is die skepping van 'n nihilisme, 'n toestand waarin in niks geglo word nie — 'n uiterste skeptisisme, wat uitmond in totalitarisme, wat 'n rewolusionêre lewensideologie is om die ewewig tussen gesag en vryheid te versteur, die beginsel van soewereiniteit in eie kring en die bestaande institusies te vernietig. Hiermee word prinsipes opgebou wat vir ons lewensvreemd is, om die mens, die samelewing en die kultuur te verkneg aan 'n demokratiese sosialisme.

(3) Die sosiale vernatuurwetenskapliking en versosiologisering met die Sosiale Studies is 'n radikale empirisme waartoe geraak word deur slegs gebruik te maak van een metode naas ander, nl. die fenomenologiese metode om die ervaringsverskynsels waaruit die lewe, onderwys, opvoeding en leer as identies met mekaar verklaar moet word as die enigste bewysgrond dat die vernuwings-

pogings 'n die opvoeding moet groei uit die rasionele, objektiewe en realistiese konglomeraat van die Sosiale Studies.

(4) Die Sosiale Studies beroof nie net Geskiedenis van sy aard en wese nie, maar die kulturele determinisme van die sosio-kulturele werklikheid word met die materiële kultuur van o.a. Aardrykskunde en Natuurkennis deursuur tot ekonomiese determinisme.

Die beskouing oor Geskiedenis in progressivistiese sin en betekenis word 'n historiese metode — 'n benaderingswyse wat kulmineer in historiese materialisme, wat dieselfde is as ekonomiese determinisme en deur die totalitêre lande voorgestaan en aanvaar word.

Die skeidslyn tussen die Demokratiese Sosialisme van die Verenigde State van Amerika en Engeland aan die een kant en die Sosialisme van Rusland aan die ander kant is baie klein: aldrie praat van dieselfde ding, en dan Bertrand Russel, 'n Britse filosoof, EEN WÊRELDREGERING tussen die V.S.A. en Kommunistiese Rusland.

(5) Die Sosiale Studies bring historiese ontworteling mee as een van die vernaamste oorsake van die modernistiese gees van die hedendaagse mens, wat in die skool begin moet word om later die hele struktuur van die menslike samelewing te vervorm.

Teenoor hierdie veruitwendigde produktiwiteit stel ons die historiese binding, wat 'n sterk sement vorm vir uiteindelike religieuse integrasie.

Die inwendige produktiwiteit in die skoolarbeid — die geleidelike inskerping van 'n projeksie van hart en hoof op die hand is die innerlike voorwaarde vir uitwendige produktiwiteit, beide met reg van bestaan — die een is voorwaarde vir die ander.

(b) Die Sosiale Studies is on-Suid-Afrikaans en anti-tradisioneel van aard.

(1) Dat die Sosiale Studies op prinsipiële gronde geheel en al van die hand gewys moet word, moet nie gesien word as sou ons voorgee om te wil vegeteer op die verlede alleen nie. Inteendeel, hierdie beskouing is inderdaad 'n peiler in die diepte t.a.v. waardeoordele, wat die rigting vir die toekoms aandui.

(2) Ons aanvaar ook dat sosiale verandering in die proses van integrasie, differensiasie en spesialisasie stukrag verleen aan progressie, as vernuwingsgedagte in die onderwys en opvoeding, asook stukrag verleen aan en 'n verryking is van die Teoretiese Opvoedkunde soos die Teoretiese Opvoedkundige die empiriese gegewens, o.a. van die Opvoedkundige Sosiologie, sien en benut.

(3) Nieteenstaande die snelle tegnologiese ontwikkeling en industrialisasie van Suid-Afrika mág en kán die algemene vorming van die jeug in ons laerskole nie verslaaf en prysgegee word aan hierdie verkeerd gerigte demokraties-sosialistiese vorm van totalitarisme in ons onderwys en opvoeding, dus aan humanisme met sw uiterste konsekwensies nie.

Hierdie opvatting staan radikaal antiteties teenoor ons Suid-Afrikaanse histories geworde Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing.

(c) Met hierdie enkele grondleggende opmerkinge moet die Sosiale Studies vir laerskole as geheel van die hand gewys word as humanisties van aard, omdat dit 'n poging met allerlei programme o.a. ook vir die skool is om

alle indiwiduele en sosiale probleme daarmee op te los. Wanneer Alvin Good opmerk: „Educational Sociology is still in its infancy" wonder mens waarmee die „social engineering" in ons onderwys en opvoeding nog vorendag sal kom!

(d) Om die genetiese opvatting van die onderwys en opvoeding te kan handhaaf is nodig 'n deeglike studie van die Opvoedkunde en die Sosiologie.

(i) Dat die Opvoedkundige Sosiologie by alle opleiding van onderwysers gedoseer sal word in die raam van die Teoretiese Opvoedkunde.

(ii) Die Opvoedkundige Sosioloog sal hierdie grondslag doseer om die korrelasie tussen die afsonderlike skoolvakke t.w. Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurkennis e.a. volgens die aard en wese van elke selfstandige skoolvak tot sy reg te laat kom.

(iii) Op hierdie wyse moet elke skoolvak in sy korrelatiewe verband sy bydrae lewer tot die kennis en vaardigheid in die ontwikkeling en vorming van 'n gebalanseerde persoonlikheid vir 'n eie persoonsroeping.

Ten besluite is die skrywer se kontensie dat, of ons die sosiologisme wil aanvaar as „mode" van ons tyd al dan nie, ons in wese geplaas word voor twee feite: (a) Die sosiale integrasietendens in die tyd van Noag was 'n eenwordende sondige mensheid. Te midde hiervan het Noag en sy groepie mense 'n taak en roeping uitgevoer omdat hulle wel **in** die wêreld was, maar nie **van** die wêreld nie.

Na analogie hiervan het ook die Blankes van Suid-Afrika 'n eie taak en roeping wat vervul moet word t.o.v. die Groot Gebod: liefde tot God en liefde tot jou naaste. By implikasie is die verhoudinge vertikaal, d.w.s. na Bo gerig — 'n binding aan God en diens, en Godverheerlikend: religieuse integrasie. In samehang hiermee en hierin gewortel is die horisontale verhoudinge, d.i. sosiale integrasie.

Op hierdie Vaste- en Ankergrond is die wese van integrasie, dus religieuse integrasie, die sterk sement, ook vir sosiale integrasie. Daarom is die wese van alle opvoeding 'n heenwys en heenlei na Bo, en kan die skoolonderwys as deel van die opvoeding sy bestemming die beste vervul deur die skool te beskou as 'n sekondêre samelewingsvorm, met die aard van die onderwys gekenmerk deur die analitiese en estetiese interpretasie van die geskapene. Slegs op hierdie wyse bied o.a. die skoolonderwys op sy eie wyse volgens sy aard en wese hulp en steun aan, en kulmineer in die geloofsinterpretasie van die kerk wat bokant homself heenwys as 'n heenlei na Bo.

In 'n volgende artikel gee die skrywer enkele gedagtes oor die Sosiale Studies-leergang vir Transvaalse laerskole.

J. P. v. d. WALT.

P.U. vir C.H.O.